# GFA world

Persoonlik:

1. Dit gaan goed met ons. Daar is maar die daagliks uitdagings wat ons almal het.
2. God is vir ons goed en ons loof en prys Hom daarvoor. Ons word gereeld gekonfronteer met die woorde van Psalm 139. God is in beheer en Hy ken ons toe ons nog in ons mamma se baarmoeder was.....as die wiele afval en ek wil vlug is God daar HY is orals en dan die wete dat God aan ons dink en dat Hy ons raaksien van uit ‘n see van 8.3 biljoen mense.
3. Ons het ook ‘n groot deel van die dag twee energie belaaide seuntjies wat lyk of hulle nooit moeg raak nie. Hulle is pragtig en herinner ons so baie aan Ané, hulle lyk soos sy en sy was net so besig.

GFA world:

1. Die skielike dood  van KP Yohannan, die stigter van Gospel for Asia, het groot leemtes gelaat. Sy seun, Bishop Danny, is nou aan gewys as die leier van GFA world.
2. KP Yohannan was ook die Metropolitan van die Believers Eastern Church en sy plaasvervanger is Metropolitan Samuel Mathew. Hy is aan gewys deur die leiers in Asië.
3. Ons visie bly nog steeds die begeerte om gemeenskappe te verander deur die liefde van Jesus en daar is nog nagenoeg 3 biljoen mense wat nog nie die Evangelie van Jesus Christus gehoor het nie.
4. Opleiding van kerkleiers bly nog steeds ‘n prioriteit.
5. Ons het ook werk begin in Noord Afrika. Tans is ons besig in Rwanda en Liberië.
6. Bid asseblief saam met ons bid dat God vir ons nog deure sal oop maak in Asië en Noord Afrika om Sy liefde met hulle te kan deel.
7. Bid asseblief ook vir my besoek aan Rwanda 4-12 Augustus.

Seën en liefde

*André en Lynette*

# Feba Radio

Feba Suid-Afrika gee elke maand ’n gebedsgids uit vir mense wat geroepe voel om ’n stukkie by hulle daaglikse gebedlys te voeg. As jy jou naam en e-pos aan Niekie stuur en haar vra, kan sy dit maandeliks aan jou stuur. Daar is ook 'n E-nuusbrief wat vir jou op ’n meer gefokusde wyse vertel hoe God wêreldwyd deur Feba se bediening werk. Elke uitgawe bied nou ’n blik op kragtige getuienisse, nuus uit die sendingveld en maniere waarop jy kan bid en betrokke raak.

Feba Sudan het slegs drie maande geneem om ’n sendingstasie, ’n huis vir personeel-verblyf en ’n negentig meter toring te bou. Vier miljoen mense wag om die evangelie te hoor. Net soos in Mosambiek en Malawi, is Sudan nou toegerus met sonpanele en satelliet-internet om effektiewe kommunikasie te verseker.

In Nepal is dit gevaarlik om ’n Bybel rond te dra of om Jesus se naam in die openbaar te noem. In vennootskap met Afno FM, Feba se vennoot in Nepal, deel Feba die Goeie Nuus op ’n indirekte wyse. Deur leefstyl en opvoedkundige uitsendings kan 370,000 mense nou die goeie Nuus hoor.

Die Oekraïne-span werk nog voort, terwyl bomme om hulle ontplof. Nadat Feba se radiostasie in Pokrovsk in ’n aanval stilgemaak is, het ’n soldaat by een van hulle kantore in die stad ingeloop en ’n Sender aan hulle gegee. Hy het tydens die aanval na die toring gegaan om die sender te red. “Ek is daar gestasioneer en het een van julle luisteraars geword. Feba was my lewenslyn, my bron van hoop terwyl ek deur hel gegaan het. Ek het vriende verloor, slapelose nagte gehad en bevraagteken waarom ek nog leef. Ek het die Goeie nuus deur hierdie sender gehoor en Jesus my Here en Redder, daardeur ontmoet. Ek lewe as gevolg van wat ek gehoor het.

# Kleinskool Inisiatief

Terugvoering oor aktiwiteite – 28 Julie 2025

Ons is baie dankbaar vir Kraggakamma se ondersteuning en wil graag terugvoering gee oor waarmee ons tans besig is:

- Die raad is herstruktureer en bestaan nou uit Johan Harmse (voorsitter), Tersia Muston (ondervoorsitter), Zelda Bakkes (nuwe raadslid), Margita Marx (uitgetrede voorsitter)
- Bankrekening te skuif van Nedbank af na Capitec toe. Dit bewerkstellig ‘n bankkostebesparing van R600 pm
- Ons fokus is primêr op evangelisasie. Dus probeer ons jongmense toe te rus vir evangelisasiewerk in die gemeenskap en veral onder die kinders en jongmense
- Gedurende die afgelope paar maande is ook die volgende vermag:
    - Families om hulle eie kos te maak (120 pakke kos uitgedeel)
    - 40 komberse
    - 20 pare nuwe skoolskoene (met die aanhef van die derde kwartaal)
    - 60 kinders per week skoolpakke gegee wat insluit papier en skryfbehoeftes

Ons kry ook skenkings van buite en verskaf ook goedere uit ons eie persoonlike fondse.

Ons grootste uitdaging is egter vervoer en die verkryging van ‘n geskikte lokaal waarin ons ons aktiwiteite kan beoefen soos evangelisasie, wiskunde- en taalklasse. Verskeie pogings om Harvest se fasiliteit te bekom het tot dusver misluk.

# CALA – Little seeds of hope

Ons het die kwartaal 51 skooltjies besoek.

Ons het 'n boekboks by elkeen afgelewer. Die onderwysers was vreeslik bly om ons te sien.



Sommige van die skooltjies wat ons besoek kry glad nie besoekers nie. Die is een van hulle. Die onderwyser by die skooltjie was so bly dat daar mense kom kuier dat sy gevra het ons moet asseblief 'n foto neem.



Ons het 12 HSP/TIME opleidings sessies gehou. In die foto hierbo is een groepie besig om 'n kaartspeletjie te speel..



As 'n groep teken hulle wat hulle kan onthou van 'n storie wat vir hulle gelees is.



Die foto wys hoe die onderwysers besig is om beplanning te doen  sodat hulle, dit wat ons vir hulle leer, kan gaan oordra aan die kinders (in hulle klasse) se ouers.



Aan die einde van die werkswinkel moes hulle ’n plakkaat maak oor alles wat hulle geleer het gedurende die tydperk.



Op sommige plekke waar ons die skooltjie besoek moet ons ons eie pad maak. Hier is ’n goeie voorbeeld.




Ons het ’n Usave in die middel van nêrens, oppad Luapapsi toe.

# WWJD

**What Will Jesus Do Bediening – Augustus 2025**
**Fokus op Forever Family Home, pleegsorg en sendingondersteuning**

## 1. Inleiding

*WWJD* is gefokus op Jesus se voorbeeld van medelye, diens en liefde – veral teenoor die kwesbaarstes in die samelewing. Ons bediening fokus tans sterk op kinders in pleegsorg, spesifiek by die **Forever Family Home**, maar strek ook verder – selfs oor landsgrense heen – om hoop en die liefde van Jesus te bring waar dit die meeste nodig is.

## 2. Waarmee ons tans besig is

### a) Plaaslik – Forever Family Home:

Ons werk op 'n volgehoue basis met Forever Family Home – 'n veilige plek waar kinders geplaas word wat uit moeilike en trauma-omstandighede kom. Ons fokus val op die daaglikse praktiese behoeftes van die huis **(6 x Kinders tussen 2jr en 18jr en 2 x Babas)**

- **Kruideniersware en basiese huishoudelike items**: Ons voorsien gereeld in kos, skoonmaakmiddels en ander daaglikse benodigdhede.
- **Skoolbehoeftes**: Ons help met skoolbenodigdhede, skryfbehoeftes en ander opvoedkundige ondersteuning.
- **Borsmelkskenkings**: Twee plaaslike vroue het aangebied om borsmelk te skenk wat ons gebruik om pasgebore babas te voed wat van geboorte af van hul mammas geskei is.
- **Gemeenskapsbetrokkenheid**: Ons dryf die bediening met die hoop om al méér mense betrokke te kry – of dit nou deur gebed, finansiële bydraes, tyd of spesifieke hulp is.
- **Skenkings en samewerking**:
  - 'n Plaaslike restaurant het begin om sowat twee keer per maand tuisgemaakte maaltye en brood aan Forever Family Home te skenk.
  - 'n Boer van Bathurst gee ook maandeliks skenkings vir die huis
  - 'n Salon in Walmer help maandeliks met insamelings, deur elke maand 'n tema te skep en fondse en items in te samel wat dan direk vir Forever Family Home gegee word.
  - Die *Run 4 Christ* hardloopklub het ook hande gevat met ons en ondersteun gereeld fondsinsamelingsinisiatiewe. In Julie het hulle 'n *Blanket Drive* op Mandela Dag gereël ten bate van Forever Family Home.

### b) Ondersteuning aan Zimbabwe:

Ons bediening het ook die voorreg om maandeliks 'n **sendingfamilie in Zimbabwe** te ondersteun. Hierdie familie gebruik sport as 'n instrument om Jesus se liefde te verkondig. Hulle stig **sokkerspanne by skole**, en bied dan byeenkomste aan waar jongmense nie net die evangelie hoor nie, maar ook kos ontvang.
Ons ondersteuning help hulle om:

- Sporttoerusting en -klere te voorsien
- Etes te bedien tydens sokkergeleenthede
- Gereeld met jongmense te werk wat andersins nooit van Jesus sou hoor nie

**3. Toekomsplanne**

- Ons poog voordurend om die bediening te versterk deur **meer volhoubare vennootskappe** aan te gaan met instansies in die dorp en breër gemeenskap.

**4. Afsluiting**

Ons is diep bewus daarvan dat ons nie net ‘n projek aanpak nie, maar ‘n **hartsaak van Jesus**. Hierdie kinders en jongmense – plaaslik én oor grense heen – is kosbaar in Sy oë. WWJD wil elke dag antwoord: “Hy sou liefde gee. Hy sou sorg. Hy sou dien.”

Ons dank die gemeente vir julle ondersteuning, gebede en liefde. Mag ons almal saamwerk om Jesus se liefde tasbaar te maak.

Met opregte dankbaarheid
Brendon en Christelle
*What Will Jesus Do*